

DIE VLEUELS VAN GEBED (5)

DIE VLEUELS VAN GEBED (5) – Jan van der Watt

KOM ONS WORD STIL.

Kom ons word stil...

Die uitdrukking wat ons soms gebruik om te sê ons wil bid, is treffend: 'Kom ons word stil'. As ons mooi daarvoor nadink is dit eintlik so 'n bietjie snaaks. Gebed is mos juis 'n gesprek met God. In 'n gesprek wil 'n mens mos nie stilbly nie. Hoe rym dit?

Met hierdie woorde sê jy iets oor wat met jou gebeur as jy op jou knieë gaan. Om te bid vra van jou om jouself gereed te maak, voor te berei vir 'n ontmoeting met God. En daarom moet jy die ratte van jou besige lewe eers so 'n bietjie rem. Die besige lewe met sy stress het nogal die geneigtheid om die bril van jou lewe toe te wasem. Die gejaag van oomblik tot oomblik, plek tot plek om die of daai afspraak te hou maak dat jy later net jou eie belange raaksien. Al waaraan jy dink is die volgende ding wat jy moet doen. So kan jy ook nie regtig 'n gesprek voer nie.

Dink maar net hoe frusterend is 'n gesprek met iemand wat by die kamer ingewaaï kom met die houding dat hy baie haastig is. Dit lyk heeltyd as hy met jou praat of hy eintlik iets anders wil doen. Hy wil ook nie regtig gesels nie. Hy spring so van een kort opmerking na die volgende. Elke nou en dan kyk hy op sy horlosie. In 'n sekere sin beledig hy jou, gee hy jou die idee dat ander dinge belangriker is as jy. 'n Mens voel sommer om vir so 'n persoon te sê dat hy liewer maar die gesprek moet

los as hy dit nie ordentlik wil doen nie. En met gebed is dit nie anders nie.

Om regtig te bid beteken om stil te gaan staan en die wasem van die besige lewe van jou lewensbril af te vee. Dan sal jy God duideliker kan sien. Maar jy sal ook jouself duideliker sien! Hierdie voorreg moet jy jouself gun! Bederf jouself ! Moenie op jou knieë gaan soos 'n atleet wat eintlik net wag vir die oomblik wat hy moet opspring en verder hardloop nie. Laat gebed liewer die plek wees waarheen jy hardloop om in die arms van die Here regtig te gaan 'stil word'.

Gee jouself 'n kans.

Ons lees in die Bybel dat die Here Jesus Homself die kans gegun het om 'stil' te word. Hy het na 'n geskikte plek gegaan en daar alleen met sy Vader gepraat (Mat. 14:23). Daaruit kan ons nogal goeie lesse leer vir ons daaglikse 'stiltetyd' met God. Gee jouself daardie kans om in 'stilte' met God te gesels. (Dit gaan nie hier om skietgebede of kort gesprekke wat jy soms met God voer nie).

Gebed vra van ons om TYD te maak. As jy nou regtig die laaste bietjie vreugde uit jou gebedslewe wil tap, maak dan asof gebed soos 'n vinnige stop in die kuipe vir 'n renjaer is. As jy jouself nie tyd gun vir die gesprek met God nie, sal jy gou agterkom dat jy nie veel vir God te sê gehad het nie... en dat Hy ook nie veel vir jou kon sê nie.

Gebed vra ook dat jy jou PLEK reg kies. Jesus het na 'n stil plek gegaan. Dit help nie om jou wit gordyne met oliehande te probeer was nie. Kry vir jou daarom 'n plek wat by die stilte van gebed pas en daar nie allerlei dinge is wat jou aandag aftrek nie. Dit is natuurlik nie te sê dat 'n mens nie 'n skietgebed of 'n ander kort gebed in die geroesemoes van die

alledaagse lewe kan bid nie. Hier gaan dit om jou daaglikse 'stiltetyd' met God.

Gebed vra ook die regte GESINDHEID. Jy moet wíl bid. Jy moet jouself wíl oopstel vir die gesprek met God. Dit klink snaaks om so te sê, maar daar is 'n gevaarlike vyand wat soos 'n wurm die hele binneste van jou gebedslewe kan wegvreet sodat net die skil nog oorbly: en dit is VORMGEBED. Vormgebed vreet juis aan ons gesindheid. As ons nie elke keer onself instel op die ontmoeting met God nie, word ons gebede later net gewoonte. Ons wíl dan nie meer bid nie, maar ons voel ons móét. Dan gaan dit nie meer om die gesprek nie, maar om die gewoonte. Die skil is dan nog daar, maar die hart is uit.

Stel jouself in.

Om eers 'n rukkie 'stil te word' voor jy met God begin gesels is belangrik. Dit is jou geleentheid van voorbereiding en beplanning vir jou gesprek met God. Dit is jou tydjie wat jy voor die gebed neem om jouself 'in te stel'. Dan hoef jy nie te praat nie; jy hoef nie met allehande dinge besig te wees nie. Jy kan maar net 'stil' word. Jy kan jou oë toemaak sodat dit net jy, jy alleen is.

Dit is nogal iets waarmee ons in ons gejaagde lewe swaarkry: ons kan nie tot stilstand kom nie. Vir ons is tyd geld; daar moet dinge gedoen word, daar is programme op TV wat gekyk moet word, daar is goed wat in die huis gedoen moet word, daar is... daar is... en so is daar altyd maar nog net meer en meer om te doen. Selde gun jy vir jouself die tyd om net JY en JOUSELF te wees.

Kom ons probeer iets:

SIT SOWAT DRIE MINUTE DOODSTIL. MAAK JOU Oë TOE EN PROBEER NET 'ONTSPAN'. MOENIE AAN IETS SPESIFIEKS DINK NIE, MAAR AS JOU GEDAGTES AAN DIE LOOP GAAN, LAAT DIT 'LOOP' WAAR EN SOOS DIT WIL.

Beskryf nou wat jy ervaar het en wat gebeur het:

.....

.....

.....

.....

Verskillende dinge kan natuurlik met 'n mens gebeur as jy so stil sit. Dit kan wees dat na 'n besige dag jou gedagtes net nie tot ruste kom nie. Hulle spring en maal rond. Dit mag ook wees dat jou gedagtes by een ding vassteek en soos 'n berg voor jou kom lê. Of jy kan so moeg wees dat jy sommer net aan niks dink nie. Jy voel net hoe die slaap soos 'n swart kombes oor jou getrek word.

Maar wat hier gebeur moet nie onderskat word nie. As jou gedagtes so maal en spring moet jy weet dit is JOU gedagtes daardie. Dit is die dinge wat vir jou belangrik is. As 'n mens 'n bietjie ontspan het dit dikwels die gevolg dat jy so 'n bietjie helderder dink. (Daar is seker van ons wat al met 'n wiskunde som of ander probleem geworstel het en net as ons in die bed klim om te slap, is dit byna asof 'n helder oomblik ons tref: daar net voor ons deur die donker deur van die slaap stap, kry ons die oplossing). Hierdie dinge wat so by jou opkom moet jy neerskryf, want dit is dinge wat jy met God kan en moet bespreek. Dit is veral belangrik as jou gedagtes net by een saak vassteek. Dit beteken dat daardie saak vir jou op

daardie oomblik baie belangrik is. Daaroor moet jy praat!

Om so stil te word, berei jou nie alleen voor vir jou gesprek met jou Vader nie, maar rig jou al op die sake waaroor jy eintlik met God moet praat. (Soos ons verder gaan met die bespreking van die verskillende elemente van gebed sal daar dikwels stilgestaan word by die belangrikheid en nuttigheid van hierdie 'stille nadenke').

Om 'stil te word' is die voorportaal van gebed.

'n Kasteel het gewoonlik 'n voorportaal waar 'n mens ontvang word. Daar kan jy jou jas uittrek, jou hare kam en gereed maak vir die ontmoeting met die koning in die kasteel. Daar wag jy op die koning. Om 'stil te word', of kom ons sê: 'Om jouself eers weer so 'n bietjie te vind', is die voorportaal van gebed. Daar kyk jy vir jouself in die spieël. Daar word jy bewus daarvan dat jy nou in die 'kasteel' van God se teenwoordigheid instap. Daar kom gedagtes by jou op wat jy graag met die koning sal wil bespreek. Daar kan jy op die Here 'wag'.

Moenie sommer in gebed injaag nie. Gun jouself die tyd om 'stil' te word en op die Here te wag.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (4)

DIE VLEUELS VAN GEBED (4) – Jan van der Watt

Al geselsende met God.

‘n Gesprek is ‘n gesprek.

Gebed is ‘n gesprek. Natuurlik is dit ‘n baie spesiale gesprek, maar dit bly ‘n gesprek. Daarom is die gewone dinge wat van ‘n gesprek waar is, ook van gebed waar.

‘n Gesprek het nie ‘n vaste patroon nie. Soms sit ‘n mens sommer net lekker oor ditjies en datjies en gesels. By ander geleenthede bespreek ‘n mens ‘n enkele ernstige saak intens. As jy iemand dringend moet gaan roep, bestaan julle gesprek miskien net uit: ‘Kom gou!’ So wissel gesprekke soos die geleenthede en onderwerpe wissel.

Net so min as wat ‘n gesprek altyd ‘n vaste patroon moet volg, net so min moet of hoef gebed altyd ‘n vaste patroon te volg. Soms as jy in die nood is, help ‘n vinnige skietgebed sommer baie. As jy weer ‘n ernstige probleem het, val jy sommer met die deur in die huis en vra God se raad of hulp. Dan gebeur daar weer iets wonderliks in jou lewe wat maak dat jy net oor en oor vir God wil dankie sê. Nie een van hierdie gebede is ‘minder gebed’ as die ander een nie. Dit is mos almal gesprekke met God.

Tog kom ons uit die Bybel agter dat daar belangrike boustene in gebed is. Hierdie boustene hoef nie in alle gebede voor te kom nie. Tog moet ‘n mens versigtig wees dat jy nie een van

die 'boustene' verwaarloos nie. By die geleentheid in die dag waar jy sommer saam met God gaan kuier (byvoorbeeld as jy 'stiltetyd' hou), kan jy maar een vir een aan die boustene aandag gee. Hierdie 'boustene' gaan nou een vir een bespreek word. Die verband tussen die verskillende 'boustene' gaan ter sprake gebring word.

'n Gesprek en nie 'n monoloog nie.

God sit nie swygend en luister na jou wat 'n monoloog voer nie. Soms dink ons God is inderdaad stom. Hy het in gebed niks te sê nie. Niks kan so ver van die waarheid wees nie.

God praat op baie maniere met ons. Dit gebeur nie met 'n bulderende stem uit die hemel nie. Nee, God praat soms op maniere waarop ons dit nie verwag nie. Elia het God in die magtige stormwinde verwag; toe kom God na hom toe in die sagte dartelwindjie. Die Jode het 'n groot kryger as messias verwag wat elke Romein in die see sou injaag. God beantwoord egter hulle gebede met die Messias aan 'n kruis! Net so praat God op verrassende maniere met ons tydens gebed. Daaroor later meer.

Daar is tog een manier waarop God met ons praat wat ons nie kan mislyk nie. Dit is deur sy Woord, die Bybel. Augustinus se ma was 'n wasvrou. So, met die nat, vuil klere tussen haar hande geklem het sy vir haar seun gebid terwyl hy saam met sy maats in die poele van plesier gebaai het. Dit was egter deur die woorde van Romeine dat God hierdie eenvoudige wasvrou geantwoord het. God het Augustinus viervoet in sy spore gestuit, en dit deur die krag van sy Woord. Dáár hoor 'n mens God se stem op sy helderste. Dit het Luther ook agtergekom. Hy het in sielewroeging teen homself en die sonde gestry. Dit was egter die Woord van die lewende God wat hom uit hierdie kettings van die Satan kon bevry. God het Luther se pleitende gebede gehoor en geantwoord – deur sy bevrydende Woord.

Gebed en Bybelstudie hoort bymekaar soos wolke en reën. Deur getroue en biddende Bybelstudie leer ons meer en meer van die wil van God ken. Daar leer ons ook hoe en waarvoor om te bid. Deur vurige gebed lei God ons ook in die diepste geheimnisse van sy Woord in. Daar ontdek ons weer sy wysheid.

Daaroor hoef nie meer gesê te word nie. Die belangrikste is om te beklemtoon dat ons geestelik sensitief moet wees vir God se antwoorde op ons gebede deur sy Woord.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (3)

DIE VLEUELS VAN GEBED (3) – Jan van der Watt

Die hart van gebed.

Ons gaan voort met ons bespreking van die hart van gebed.

‘n Verhouding maak al die verskil!

As die Bybel praat oor wat presies met ons gebeur as ons gelowig word, word **verhoudingsterme** gebruik: ons word God se **kinders**; as slawe van die sonde word ons vrygespreek om **vriende** van God te word, en so aan.

Daarin lê ‘n belangrike motivering vir gebed. Vriende gesels tog met mekaar. ‘n Kind klim tog graag op die pa se skoot om

hom alles te vertel. In die verhouding tussen God en sy kinders is dit ook nie anders nie. God wil hê en verwag dat ons op sy skoot sal klim en met Hom gesels – en sommer gereeld ook!

Die diepste belang en grond van gebed is dus nie dat ons noodwendig alles kry wat ons vra nie, maar dat ons die warmte van ons verhouding met God ervaar en beleef. Gebed is eintlik om die hartklop van God te hoor. Dit is om in geloof sy hand op jou skouer te voel. Dit is om verseker te wees van sy nabyheid. Daarin lê geestelike vervulling.

In die stilte oorweldig deur die teenwoordigheid van God!

Ons sê mos baie dat ons 'stil' word voor die Here. Dit is juis in daardie oomblikke van 'stilte' dat die wonder van God se teenwoordigheid jou oorweldig!

Geliefde, dit is nie iets waaroor 'n mens eintlik kan skryf of praat nie! Dit is iets wat jy moet ervaar! Dit is iets wat jy kan ervaar as jy jou hand en hart in geloof na die Here rig. Dan eers word dit deel van jou lewensrealiteit. Jy weet, 'n mens kan baie **OOR** God en gebed praat, maar dit is eers as jy werklik die nabyheid van **GOD** ervaar het dat jy daarin slaag om **MET** Hom **in gebed** te praat.

Dit doen 'n mens nie met jou kop vol van die gejaag en gebeure van die dag nie. Dit doen jy met die stille verwagting van iemand wat rustig wag vir sy afspraak met die Koning van die konings, sy Vader. Stille voorbereiding is daarom deel van die ABC van gebed!

'n Verhouding met konsekwensies.

Gebed kan 'n mens daarom nie koud laat nie! Om met die lewende God te gaan praat beteken om iets van die gesprek te verwag! Elke gesprek met God het konsekwensies, want God neem gebed ernstig! Hy luister!

Veronderstel jy het 'n probleem met jou stukkende motor wat jy nie kan regkry nie. Jy gaan praat met jou buurman wat 'n uitstekende werktuigkundige is. Hy kom en verseker jou dat hy dit dadelik sal regmaak. Die gevolg van julle gesprek sal wees dat jy nie eers meer daaroor bekommerd sal wees nie. Jy weet nie hoe hy die motor gaan regkry nie, maar jy weet hy sal. Jou gesprek het dus konsekwensies vir jou.

Met gebed is dit ook so. Dit moet ook konsekwensies vir ons praktiese lewe hê. **Ons kan eintlik nooit dieselfde mense van ons knieë af opstaan nie. Gebed verander dinge, omdat ons met God praat... en God kan dinge laat verander.** Wat maak ons buurman beter as God, dat ons buurman sy woord sal hou, maar as ons God iets vra ons soms nie verwag dat Hy iets daaraan gaan doen nie? Dit is tog absurd!

As ons van die lewende God iets vra, moet ons weet dat Hy daaraan sal aandag gee! Dit moet ons verwagting wees! As ons halfhartig bid, wat sê ons eintlik daarmee vir God? Stel ons nie so eintlik 'n mosie van wantroue in Hom in nie?

Nee, deel van die hart van gebed is om te weet en te vertrou dat God na jou gebede en smeking luister! Hy luister nie net nie, maar doen ook iets daaraan! En die wonderlike is om te weet dat God jou Vader is wat net die beste vir jou wil hê.

Gebed... die geestelike barometer van elke gelowige.

Gebrek aan geloof lei gewoonlik direk na gebrek aan die begeerte om te bid. As jy God nie meer helder in jou lewe raaksien nie, sal jy ook nie meer die begeerte hê om met Hom te praat nie. As jy nie meer dink dat Hy na jou luister nie, sal jy ook nie meer vra nie.

Jou gebedslewe 'verraai' eintlik jou siening van God. Die manier waarop jy na God gaan sê eintlik wat jy van God dink en hoe jy oor Hom voel. Immers as Hy vir jou die Vader is wat vir jou lief is en na jou luister, sal jy tog nie onbetrokke of ongereeld kan bid nie. Maar as Hy vir jou 'n veraf God is wat soms in die mis van onsekerheid verdwyn, sal die erns waarmee jy Hom soek ook dienooreenkomstig taan!

Gebed... Geestelike sensitiwiteit en sensitiewe geestlikheid.

Gebed is, so het ons gesien, die ineenvloeiing van God se realiteit, sy wêreld, in my werklikheid in. Dit is God wat aan my die geleentheid gee om met Hom te praat soos 'n kind met sy of haar pa. In gebed gaan ons oë besonderlik oop vir God se nabyheid. Anders gestel, God se nabyheid maak ons geestelik sensitief. Daar staan immers in Gal 4:6: *'En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!'*

Gebed is dus ook om God se Heilige Gees in jou te laat uitroep! In stille afhanklik van God se Gees moet jou gebed ook voor die troon van God opklink.

Skrywer: [Prof Jan vander Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (2)

DIE VLEUELS VAN GEBED (2) – Jan van der Watt

Die hart van gebed.

Wat maak gebed GEBED?

Wat maak gebed GEBED? Die antwoord is eenvoudig: GOD!

Gebed is eintlik 'n snaakse ding. Sê nou maar Manie die Marsman sou by die slaapkamer kon inloer as jy bid. Daar staan jy op jou knieë in doodse stilte met jou hande gevou vir vyf of tien minute. Op die oog af moet hierdie houding seker snaaks lyk vir iemand wat nie weet wat daar gebeur nie. Vir jou is dit egter nie so snaaks nie. Jy weet jy het Iemand met wie jy praat, hoewel jy Hom nie kan sien nie. Dit maak wat jy doen sinvol – die stilte, die staan op die knieë, jou hande wat gevou is.

Gebed is net sinvol omdat dit 'n **gesprek** is tussen **jou** en **God**! Jy praat nie alleen nie – God is daar om te luister: daarom maak gebed sin!

'n Wêreld wat ons te klein maak het vir God om in tuis te voel!

Nou gebeur dit nogal baie dat mense sukkel met gebed. Hoewel hulle teoreties vir jou allerhande mooi dinge oor gebed sal sê, bid hulle tog nie so gereeld nie. Wat hulle oor gebed sê

en wat hulle uiteindelik doen, stem nie ooreen nie. Dit is amper asof hulle nie aan die bid kan kom nie en veral nie gereeld kan bid nie.

Daar kan ander redes ook wees, maar die algemeenste rede is sekerlik dat **ons ons wêreld te klein gemaak het vir God!**

Wat word hiermee bedoel?

Ons leef in 'n wetenskaplike en tegnologiese tyd. Vir omtrent elke ding is daar 'n wetenskaplike verklaring. Met die rekenaars kan ons ook omtrent alles uitwerk. Ons word van skool af geleer om alles te verklaar en met ons verstand uit te werk. Alleen dit is 'regtig' wat so met die verstand verklaar kan word of met die oog gesien kan word!

Dit beteken natuurlik dat ons ons wêreld net so groot gemaak het soos ons verstand of so ver as wat ons met ons oog kan sien. Enigiets wat ons nie kan verklaar nie of wat ons nie kan sien nie, 'bestaan' eenvoudig nie vir ons nie.

Ons kan egter nie vir God so in die beperkinge van ons verstand inhok nie. Ons kan Hom ook nie met ons blote oog sien nie! Vir mense wat gewoon is om te sê dat alleen dit werklik is wat met die oog gesien kan word of met die verstand verklaar kan word, word God vreemd. Hy pas nie binne hulle 'wêreldjie' wat so groot is soos hulle oë ver kan sien of hulle verstand kan uitredeneer nie.

Hulle wêreld van verstandelike verklaring het te klein geword vir God. God is nie net so groot dat Hy in die beperkinge van die menslike verstand of sintuie moet bly nie! HY IS BAIE GROTER!

Nou kry party mense swaar om te bid omdat hulle wonder of God regtig dáár is. Hulle wonder of Hy na hulle sal luister. Hulle verstand sê vir hulle dat daar nie 'n oplossing vir hulle probleem is nie... sal dit nou regtig help om te bid. Is God regtig daar om te luister! Soos 'n ateïs een maal vir my gesê het: 'Ek kan eenvoudig nie glo in 'n God wat heeltyd reg sit om na mense te luister nie. Hy moet darem iets beter hê om te doen!' Of ons sluit God uit ons wêreld omdat ons dink dat ons probleme Hom nie eintlik aangaan nie; of ons sluit God uit ons wêreld uit omdat Hy nie binne ons verstandlike grense pas nie.

Hoe ons ook al dink, dit beïnvloed ons gebedslewe! Immers, as jy twyfel aan die persoon met wie jy moet praat, gaan die gesprek maar vrotterig verloop! As jy nie regtig oortuig is dat die persoon na jou luister nie, gaan jy eintlik nie eers met Hom praat nie. Meer nog, as jy nie weet of Hy regtig in jou belangstel of regtig dáár is as jy met Hom praat nie, gaan jy nog minder ure aan die gesprek spandeer.

Stoot die grense tussen jou en God oop!

Die hart van gebed lê in die oorweldigende teenwoordigheid van God by jou as gelowige! Dit is 'n teenwoordigheid wat jou vasgryp, jou op jou knieë dwing.

Vir die gelowige wat op sy knieë gaan om te bid, is dit belangrik dat die grense van sy wêreld oopgestoot moet word. Sy of haar wêreld moet groter word. Sy wêreld kan nie eindig by wat sy verstand kan verklaar of sy oë kan sien nie! Die gordyne moet weggestoot word sodat die bidder die wêreld van God kan betree. Sy oë moet oopgaan sodat hy in geloof die troonsaal van God kan ingaan. Meer nog, die bidder moet die werklikheid en teenwoordigheid van God self raaksien.

In gebed word die grense tussen jou en God weggestoot. Dit is die geleentheid waarin jy uit jou aardse gebondenheid tree en in geloof voor die lewende God gaan staan!

Dit is immers wat geloof is: geloof is jou geestelike oë wat oopgaan. Jy kyk verby die geslote grense van jou verstand of die wetenskaplike reëls. Jou oë gaan oop vir wie God regtig is! Jy besef dat Hy regtig daàr is (Heb 11:6)! Dit maak al die verskil. Jou wêreld, jou werklikheid word deel van sy wêreld! Jy kom agter dat God nie buite jou wêreld staan nie, maar dan moet jy in geloof in sy wêreld staan! So gesien lyk jou wêreld ook sommer heeltemal anders! Met God se teenwoordigheid wat deel word van jou wêreld kan jou wêreld nooit weer dieselfde lyk nie. Julle belange vervloei. Nooit weer kan of hoef jy alleen te wees nie! Met Hom by jou lyk ook jou probleme anders, en jou smart en jou blydschap!

Kom ons dink vir 'n oomblik hieroor na:

WIE IS HIERDIE GOD WAT JY AANBID PRESIES? WAT KAN HY DOEN? HOE SÊ HY VOEL HY OOR JOU? WAT SOU JY ALLES VAN HOM KON VERTEL?

<p>* Skryf dit wat jy oor God kan sê hier neer:</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p>	<p>* Wat is die konsekwensies van dit wat jy oor God gesê het vir jou eie lewe:</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p>
---	---

Wie is hierdie God regtig met wie jy in gebed kan en mag

praat?

* Is dit nie die God wat gesê het dat Hy jou so lief het dat Hy sy Seun vir jou gegee het nie? Dink jy Hy sal jou dan sommer vir enigiets uit sy hand laat glip?

* Is dit nie die God wat sê dat elke haar op jou hoof getel is nie? Sal Hy dan sommer vir sy rug op jou draai en jou in die steek laat?

* Is dit nie die God wat gesê het dat sy las lig is en sy juk sag is nie? Sal Hy dan sommer vir jou 'n swaar las uitsoek?

* Is dit nie die God wat sê dat jou naam op sy handpalm geskryf is nie? Sal Hy jou roep om hulp ignoreer?

Ja nee, is Hy nie die Een wat alles gemaak het nie? Is Hy nie die Almagtige en Barmhartige nie? Is Hy nie die Een wat alles in sy hand hou nie. Is Hy nie die Een wat nooit sluimer of slaap nie, maar jou rotsvesting is nie?

Word 'n oomblik stil en dink!

As jy mooi stil gaan sit en dink Wie God presies is, sal jy tot een duidelike besef kom: Gebed is nie speletjies nie... Gebed is die wonderlike geleentheid wat God jou gee om jou bewende mensehand in die rigting van goddelike almag uit te hou. As jy op jou knieë neersak voor 'n Almagtige God, moet jou verwagting reg wees. Jy moet steeds daaraan dink Wie hierdie God is... maar ook wie jy is!

Per slot van sake is die kind van die staatspresident steeds sy kind en die staatspresident sy pa. Daarom is daar 'n

spesiale verhouding tussen hulle. Die pa gee die kind spesiale voorregte. Net so is die Almagtige God jou Vader. En daarom het jy die spesiale voorreg om in gebed met Hom te kan praat!

Maar gebed doen ook iets aan jou. As jy in die teenwoordigheid van die Almagtige God staan, sien jy ook jou eie gebrokenheid raak. Geen mens wat werklik besef voor Wie hy of sy in gebed staan, kan met enige sweempie van hoogmoed daar staan nie. Juis daar besef jy waar jou krag en sterkte vandaan kom. Daar, voor die troon van die Barmhartige God, besef jy jou eie onmag en nietigheid. En as 'n mens dit eers besef, is jy gereed om werklik voor die God van hemel en aarde te buig!

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)